Vrydag **22 Maart**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 9:23-28**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 9:24, 26, 28 (AFR33/53/83)**

**Drie maal verskyn**

Gelowiges is mense wat verander word om nie soos die sondige wêreld te dink en te doen nie. Hulle leef hulle lewe op die nou pad wat na die hemel gaan. Juis daarom ervaar jy druk om aan hierdie sondige wêreld gelyk te word.

Die eerste lesers van die Hebreërbrief het ook sulke druk ervaar. Baie van hulle het vantevore tot die Joodse geloof behoort en nou was daar druk op hulle om hulle lewe as Christene vaarwel te roep en om terug te gaan na die Joodse geloof. Die Hebreërbrief wys dan hoeveel armer die ouer bedeling was as die nuwe. Die ou bedeling was die bedeling van die skaduwees waarvan die werklikheid in Jesus se koms en werk aangebreek het.

Ons lees hier van drie maal dat Jesus verskyn. In vers 24 sien ons dat Hy ter wille van ons voor God verskyn. Anders as die hoëpriester in die ou bedeling wat een maal per jaar in die allerheiligste deel ingegaan het, het Jesus in die hemel self ingegaan. Hy verskyn voortdurend voor die aangesig van God ter wille van die gelowiges.

In vers 26 lees ons dat Jesus verskyn het toe Hy die menslike natuur aangeneem het en Homself geoffer het om die sonde deur sy eenmalige offer weg te neem.

In vers 28 sien ons dat Jesus weer sal verskyn met sy wederkoms, wanneer Hy verlossing bring vir hulle wat Hom verwag.

Toe Jesus verskyn het, het Hy met sy offer vir hulle wat Hy verlos het, volkome vergifnis van sonde gebring. Jesus verskyn ter wille van die gelowiges voor die aangesig van God, sodat hulle ook daar saam met Hom kan verskyn. Jesus sal weer verskyn met sy wederkoms tot hulle saligheid. Onthou dit om nie agteruit te gaan en te swig voor die druk om aan hierdie sondige wêreld gelyk te word nie.

*Sing: Skrifberyming 2-4 (33):1, 2, 3*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*